AfriForum

# PANDEMIE-RISIKOBESTUURSGIDS

## 'n Gids vir Vroeëkinderontwikkelingsentrums in Suid-Afrika



VVOS

AECYC

In Afrikaans vertaal deur AfriForum. Ons bedank VVOS wat ingestem het dat AfriForum hierdie inligting gratis aan ons lede mag beskikbaar stel.

*Deel van die Solidariteit Beweging*

> "Wanneer ons dink aan wie regtig in die voorste linies staan en wat die impak is van die eerste aantal lewensjare op die res van ons lewens, is dit duidelik hoe belangrik dit is om seker te maak dat kundiges op die gebied van vroeë kinderontwikkeling oor die nodige instrumente beskik om voorbereid te wees sodat hulle die jong kinders in hul sorg kan beskerm."
>
> **Andrew Roszak**
> **The Preschool Podcast**



# Voorwoord

Hierdie gids is deur me. Saartjie Viljoen opgestel vir die **Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg (VVOS)**. Ons hoop om daarmee vroeëkinderontwikkeling-sentrums (VKO-sentrums) en gedeeltelikesorgfasiliteite aan te moedig en te ondersteun met hulle beplanning met die oog op ’n moontlike pandemie. Hierdie gids herinner elkeen wat verantwoordelik is vir die beplanning of bestuur van kindersorgdienste daaraan dat hulle behoort te beplan vir ’n pandemie soos die huidige COVID-19-virusuitbraak as onderdeel van hulle gewone beplanning vir die hantering van enige noodsituasie. Dit staan gewoonlik bekend as “bedryfskontinuïteitsbeplanning” of in sommige gevalle as “noodreaksiebeplanning”.

Hierdie gids beveel aan dat VKO-sentrums en gedeeltelikesorgfasiliteite behoort te beplan vir sowel die voortgesette bedryf van die fasiliteite as die moontlike sluiting van VKO-sentrums en ander kindersorgdienste indien die Suid-Afrikaanse regering so ’n sluiting voorstel. Ons durf nie die impak van die uitbreek van ’n pandemie in enige land onderskat nie. Daarom moet ons alles in ons vermoë doen om te sorg dat ons so goed moontlik voorberei is.

## Die Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg (VVOS) ... Wie is ons?

Die VVOS se hoofdoelstellings is die volgende:

a. Om die opvoeding en versorging van alle kinders vanaf hul geboorte tot die ouderdom van 9 jaar te bevorder.

b. Die sekondêre doelstellings wat betrekking het op bestuur, personeelontwikkeling en kinderontwikkeling is die volgende:

- **Bestuur**: Om alle partye te ondersteun wat betrokke is by die stigting, ontwikkeling en bestuur van vroeëkinderontwikkelingsentrums.
- **Personeelontwikkeling**: Om persone betrokke by VKO bewus te maak van die dringende noodsaak om gehalteprogramme vir VKO op te stel en te implementeer asook van die belang van behoorlike sorg vir kinders vanaf hulle geboorte tot die ouderdom van 9 jaar.
- **Kinderontwikkeling**: Om aktief betrokke te wees by die holistiese ontwikkeling van die jong kind.

c. Waardestelsel

Die vereniging handhaaf Christelike norme en waardes en respekteer ander godsdienstige oortuigings.
Die vereniging:

- verbind homself tot gehalte- en professionele dienslewering.
- streef na integriteit en deursigtigheid.
- streef daarna om by jong kinders die vaardighede, bewussyn en kennis te vestig om verantwoordelike burgers van Suid-Afrika te word.

VVOS AECYC
Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg
Association for the Education and Care of Young Children
Posbus 15890, Lyttelton, 0140
012 667 2020
086 642 5855
info@vvos.co.za
www.vvos.co.za
@aecyc
@AECYCecd
Die kleuter van die hede is die nasie van die toekoms
Today's child is our nation's future

# INHOUDSOPGAWE


| Inhoud | Bladsy |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| Begripsomskrywings | 6 |
| Skakeling met die owerheid | 6 |
| Kenmerke van pandemies en die impak daarvan | 8 |
| Hoofstuk 1: Paraatheidsfase | 11 |
| ’n Pandemie-aksieplan | 13 |
| Hoofstuk 2: Reaksiefase | 16 |
| Hoofstuk 3: Herstelfase | 18 |

**Bylaes**

- Bylae A: Aanmeldingsvorm vir vermoedelike pandemie-siektegeval (Engels) **24**
- Bylae B: Kennisgewing aan personeel, ouers en besoekers by ingang van skoolterrein **25**
- Bylae C: Kontaklys vir geaffekteerde persone (Engels) **26**
- Bylae D: Voorbeeldbrief 1 aan ouers: Inleiding tot pandemiebeplanning **27**
- Bylae E: Voorbeeldbrief 2 aan ouers: Opdatering van pandemiemaatreëls **28**
- Bylae F: Sluitingskennisgewing **29**

**Hulpbronne** **30**

# INLEIDING

’n Pandemie breek meestal baie skielik uit en dit kan vernietigende gevolge hê vir skole en gemeenskappe. Onder **pandemie-paraatheid** verstaan ons die proses van stappe neem om seker te maak jou vroeëkinderontwikkelingsentrum is veilig voor, tydens en ná ’n pandemie-uitbraak.

Vroeëkinderontwikkelingsentrums en gedeeltelikesorgfasiliteite speel ’n belangrike rol by die ondersteuning van kinders en hulle gesinne in die plaaslike gemeenskap voor, tydens en ná ’n pandemie-uitbraak deur middel van drie stadiums of fases van pandemierisikobestuur, naamlik:

1. **Paraatheidsfase –** Hierdie fase vind plaas nog voordat ’n pandemie uitbreek. Dit sluit in om ingelig te wees oor pandemies; om enige bestaande tekortkomings by jou fasiliteit reg te stel wat die verspreiding van die virus sou kon bevorder, en om te beplan vir ’n gepaste reaksie nog voordat die pandemie werklikheid word.
2. **Reaksiefase –** Dit vind plaas die oomblik wat jy daarop attent gemaak word dat ’n pandemie moontlik gaan uitbreek.
3. **Herstelfase –** Dit vind plaas sodra die uitbraak verby is, wanneer pogings onderneem word om voedsel, water, skuiling, veiligheid en die emosionele behoeftes van die betrokkenes te waarborg. Die herstelfase het ook te make met die proses van die heropbou van jou sentrum of fasiliteit en die terugkeer na die gewone lewe ná ’n noodtoestand, wat ure, weke, maande of selfs jare kan duur.
4. Hierdie ***Pandemierisikobestuursgids*** behoort gebruik te word in samehang met die riglyne en wetgewing beskikbaar by organisasies soos die volgende:
   1. Centre for Disease Control (CDC), South Africa *Pandemic Flu: A Planning Guide for Educators*
   2. World Health Organization (WHO) *Pandemic Risk Management Interim Guidance*
   3. United Nations Children’s Fund (UNICEF) *Key Messages and Actions for Covid-19 Prevention control in Schools* (March 2020)
   4. Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Suid-Afrika)
   5. Wet op Rampbestuur 57 van 2002 (Suid-Afrika)
   6. Departement van Sosiale Ontwikkeling (Suid-Afrika)
   7. Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika) Hoofstuk 5: Gedeeltelike sorg Hoofstuk 6: Vroeë Kinderontwikkeling
   8. Nasionale norme en standaarde vir gedeeltelikesorgfasiliteite (Suid-Afrika)

## Redes om paraat te wees:

1. **Pandemies, groot of klein, kan uitbreek in enige gemeenskap, ook in joune.**
2. **Paraatheid kan lewens red! Jou paraatheid vir ’n pandemie help kinders en gesinne.**

# 1. Begripsomskrywings

Sien https://www.merriam-webster.com in verband met begripsomskrywings soos gehanteer deur die World Health Organization.

**Epidemie**

Die woord **epidemie** word dikwels gebruik om ’n omvangryke uitbraak van ’n siekte oor ’n wye geografiese gebied te omskryf. Dit raak ’n groot deel van die bevolking.

**Pandemie**
Die woord **pandemie** word gebruik om ’n epidemie of uitbraak van ’n siekte te omskryf wat versprei het na verskeie lande en selfs kontinente en wat ’n buitengewoon groot aantal mense raak.

**Self-isolasie**
Self-isolasie is nodig vir mense wat simptome toon van ’n virusinfeksie en vir mense wat saam met sulke mense woon. Dit behels dat ’n mens by die huis bly en glad nie uitgaan nie, behalwe in jou eie tuin of werf as jy oor so iets beskik. Dit beteken ook om so ver moontlik weg te bly van ander mense in dieselfde huis deur alleen te slaap, nie handdoeke te deel nie, en gereeld te was en huis skoon te maak.

**Sosiale afstand of distansiëring**
Die praktyk van sosiale afstand is ingestel deur baie regerings wêreldwyd en is daarop gemik om mense te help om die siekte wat deur die nuwe koronavirus veroorsaak word, nie verder te versprei of op te doen nie. Dit kom daarop neer dat direkte kontak met ander mense so ver moontlik vermy word. Jy kan jou huis verlaat vir oefening, vir noodsaaklike aankope of vir werksdoeleindes, maar jy moet ten minste 2 meter afstand hou van ander mense.

**Kwarantyn**
Onder kwarantyn word verstaan ’n manier om mense te isoleer en in te perk indien hulle blootgestel is aan ’n siekte, soos COVID-19, om vas te stel of hulle geïnfekteer is en siek word.

**Staat van inperking**
Die begrippe “staat van inperking”, “in afsondering plaas” of “vergrendeling” word gebruik om  te verwys na meer algemene en wydverspreide vlakke van inperking ten opsigte van mense se bewegingsvryheid, werksverpligtinge en reisbehoeftes wat geld vir alle mense in ’n stad, streek of land.

**Gesigskerm**
’n Deursigtige, beweegbare deel van ’n helm wat afgeslaan kan word om die gesig te bedek. “’n Plastiekhelm met ’n deursigtige gesigskerm”.

# 2. Skakeling met die owerheid

## a. Watter bevoegdhede het mediese gesondheidsbeamptes en die regering tydens ’n noodtoestand weens ’n pandemie?

Die Nasionale Gesondheidsnoodplan tree in werking wanneer die Suid-Afrikaanse regering en die Departement van Gesondheid bewus raak van ’n potensiële gesondheidsverwante noodtoestand, soos byvoorbeeld die COVID-19-pandemie. Mediese beamptes van die onderskeie gesondheidsdepartemente sal optree as deel van elke provinsie en streek se gesondheidsreaksiekoördinasiespan en sal beskik oor verreikende bevoegdhede wat daarop gemik is om die uitbraak te voorkom of om die verspreiding daarvan teë te werk. Hierdie bevoegdhede sluit die volgende in:

1. Eis dat mense hulself onderwerp aan mediese ondersoek.
2. Eis dat mense, plekke, geboue, skepe, diere en voorwerpe geïsoleer, in kwarantyn geplaas of ontsmet word.
3. Verbied dat persone, skepe, diere of voorwerpe binnekom in enige hawe

(lug, see of land) of ander plek in die gesondheidsdistrik vanaf enige hawe of ander plek wat vermoedelik geïnfekteer is.

4. Verbied mense om 'n plek of gebied te verlaat totdat hulle medies ondersoek is en daar bevind is dat hulle vry is van die betrokke aansteeklike siekte.
5. Eis dat alle openbare samekomste verbied word (staat van inperking).
6. Verbied dat kinders skole of Sondagskole bywoon of ander openbare plekke binne die distrik besoek.
7. Opdrag gee dat besmette diere van kant gemaak word.

## b. Op watter wyse moet vroeëkinderontwikkelingsentrums skakel met gesondheidsowerhede?

1. Die Departement van Gesondheid, enige plaaslike mediese gesondheidsbeamptes of enige ander beampte verbonde aan die openbare gesondheidsdiens sal leiding, aanwysings en begeleiding bied oor wat VKO-sentrums te doen staan: om oop te bly, om toe te maak of om te heropen.
2. Dit is belangrik om te weet hoe om kontak te maak met jou plaaslike distrik se gesondheidsdepartement of openbare gesondheidsdiens sodat jy raad kan kry oor plaaslike omstandighede tydens 'n pandemie wat as grondslag moet dien vir jou optrede.

## c. Wat sê die wetgewing hieroor?

Ingevolge die Nasionale Norme en Standaarde wat verband hou met artikel 79 van die Kinderwet 38 van 2005 moet die VKO-sentrums toesien opdat die gesondheid en veiligheid van personeel en kinders in die VKO-sentrum of gedeeltelikesorgsentrum op die volgende wyse gehandhaaf word:

**Behoorlike sorg vir siek kinders of vir kinders wat besig is om siek te word**

1. Personeel moet oor die vermoë beskik om siek kinders te identifiseer en daartoe in staat wees om hulle deur te verwys na gepaste gesondheidsdienste.
2. Daar moet beleid en prosedures in plek wees wat betrekking het op die gesondheidsorg vir kinders in die betrokke sentrum of fasiliteit. Sulke beleidsriglyne en prosedures moet die volgende insluit:
   a. Kriteria waarvolgens siek kinders geïdentifiseer word
   b. Veilige berging van medisyne by 'n sentrum of fasiliteit
   c. Prosedures vir die hantering van kinders wat siek is
   d. Riglyne om die verspreiding van siektes in die sentrum of fasiliteit te voorkom
3. Daar moet gehou word by die volgende riglyne ten opsigte van kinders wat siek is:
   a. Nadat kinders wat siek is, geïdentifiseer is, moet die siekte of probleem so gou as moontlik aan die ouer(s), versorger of familie gerapporteer word.
   b. Die kind moet so gou as moontlik van ander kinders geskei word en in 'n veilige plek of vertrek geplaas word wat toegewys is vir die versorging van siek kinders.
   c. Enige kind wat vermoedelik 'n aansteeklike siekte het, moet onmiddellik geïsoleer word van ander kinders en verwys word na die naaste hospitaal of kliniek vir verdere evaluering en behandeling.
   d. Indien 'n kind reeds op medikasie geplaas is, moet daardie kind die medikasie ontvang soos voorgeskryf en soos deur die ouers versoek.
   e. In noodgevalle moet die kind na die naaste hospitaal of kliniek geneem word vir behandeling en gepaste verdere verwysing.
4. Die volgende mediese rekords moet gehou word:
   a. Rekords wat op datum is van elke kind se mediese geskiedenis
   b. Rekords van elke kind se immuniseringsprogram en Vitamien A-skedule

c. Elke VKO-sentrum en gedeeltelikesorgfasiliteit moet beskik oor 'n noodhulpkissie.

**Die opstel van beleidsriglyne en prosedures ten opsigte van gesondheidsorg by VKO-sentrums en gedeeltelikesorgfasiliteite**

Beleidsriglyne moet voldoen aan die volgende kriteria:

a. Dit moet prosedures insluit vir die hantering van aansteeklike siektes binne die sentrum of fasiliteit.

b. Dit moet prosedures insluit vir die hantering van die mediese behoeftes van siek kinders asook kinders met chroniese siektes.

c. Daar moet seker gemaak word dat daar standaarde in plek is ten opsigte van netheid en higiëne by die sentrum of fasiliteit.

d. Daar moet seker gemaak word dat daar 'n toereikende hoeveelheid skoonmaakmiddels en handdoeke aanwesig is by die sentrum of fasiliteit.

e. Daar moet voorsiening gemaak word vir die opleiding van personeel in noodhulp.

f. Daar moet behoorlik rekord gehou word of registers bygehou word ten opsigte van die berging en gebruik van medisyne by die sentrum of fasiliteit.

g. Vertroulikheid moet in ag geneem word wanneer gesondheidsinligting hanteer of gedeel word.

h. Personeel moet aangemoedig word om aandag te skenk aan hulle eie gesondheid en gereeld mediese ondersoeke te ondergaan. Riglyne moet prosedures bevat om aansteeklike siektes wat personeellede opgedoen het te hanteer sodat oordrag na die kinders voorkom word.

i. Kwessies soos deurlopende personeelopleiding en -ontwikkeling ten opsigte van die skep van 'n gesonde omgewing, die identifisering van siektes, voorkom dat siektes en aansteeklike siektes versprei asook universele gesondheidsmaatreëls moet bevorder word.

# 3. Kenmerke van pandemies en die impak daarvan

'n Pandemie het sekere unieke kenmerke:

### 1. Wydverspreide impak

Die impak van 'n pandemie sal wydverspreid wees, selfs landswyd; dit is nie beperk tot 'n enkele area nie.

Gebaseer op: New Zealand Ministry of Education. *Influenza pandemic planning guide for Early Childhood Education services, schools and tertiary organizations.* Opgedateer: Augustus 2011; bl. 8-9

### 2. Nie 'n fisieke ramp nie

'n Pandemie is nie 'n fisieke ramp nie. Dit het 'n aantal unieke kenmerke wat maatreëls vereis om kontak tussen mense te beperk, bewegingsvryheid in te perk, kwarantyn in te stel en openbare samekomste te verbied.

### 3. Tydsduur

'n Pandemie is nie 'n vinnige voorval wat opvlam en dan onmiddellik aanbeweeg na 'n herstelfase nie. 'n Pandemiese noodtoestand kan dalk weke of maande voortduur. Tydens beplanning moet hierdie kenmerk in ag geneem word.

### 4. Kennisgewingstydperk

Gewoonlik is daar vooraf waarskuwings as 'n pandemie oorsee of buite die land ontwikkel, maar die waarskuwingstydperk mag dalk baie kort wees. Indien 'n pandemie versprei binne Suid-Afrika, sal die onderwyssektor hoogs waarskynlik een van die eerste sektore wees wat moet sluit en waar sluitings sal voortduur.

## 5. Bedreiging is primêr op personeel van toepassing

In teenstelling met natuurlike rampe, waar die ontwrigting van infrastruktuur en dienslewering toegeskryf kan word aan fisieke skade aan apparatuur of stelsels, is 'n pandemie 'n veel groter bedreiging wat personeel betref. Werkgewers sal moet rekening hou met 'n scenario van 50% personeelsafwesigheid op die hoogtepunt van die pandemie. Rekenmodelle van die Ministry of Health (Nieu-Seeland) toon aan dat gemiddeld twee weke verlof nodig is vir die siekte en herstelfase van 'n personeellid. Die gemiddelde pandemiegolf duur gewoonlik agt weke, alhoewel die pandemie met verloop van tyd verskeie golwe kan beleef van wisselende hewigheid.

## 6. Afwesigheid van personeel

Personeelafwesigheid kan verwag word om verskeie redes, waaronder:

- siekte of arbeidsongeskiktheid (vermoed of werklik)
- personeel wat tuis moet bly om vir siek afhanklikes te sorg
- personeel voel dalk veiliger om van die huis af te werk (byvoorbeeld om sodoende weg te kan bly van besige plekke soos openbare vervoer – of dalk word openbare vervoer gestaak)
- personeel wat tuis moet bly om te sorg vir voorskoolse kinders en leerders van skoolgaande ouderdom (byvoorbeeld as VKO-dienste en skole gesluit word).

**'n Pandemie kan ander uitwerkings hê op dienste, byvoorbeeld:**

1. Lewering van materiaal wat benodig word vir deurlopende aktiwiteite kan ontwrig word; byvoorbeeld in die geval waar voorrade gewoonlik ingevoer word uit die buiteland en waar grense gesluit is of streng gekontroleer word.
2. Dienste deur subkontrakteurs kan geaffekteer word (en sodoende 'n impak hê op die onderhoud van essensiële toerusting; hierdie kwessie verdien sorgvuldige aandag tydens beplanning).
3. Die vraag na infrastruktuurdienste kan geaffekteer word – die vraag na sommige dienste kan toeneem (internettoegang is 'n moontlike voorbeeld hiervan) terwyl die vraag na ander dienste afneem (so kan die vraag na tipes reisaktiwiteite byvoorbeeld verminder).
4. Daar word nie in die vooruitsig gestel dat dienslewering in die onderwys sal voortduur tydens 'n pandemie nie. Tydens 'n pandemie is die mees waarskynlike scenario die vroegtydige, verpligte en volgehoue sluiting van onderwysfasiliteite vir kinders.



# VROEËKINDERONTWIKKELINGSENTRUMS BEHOORT 'N SKRIFTELIKE PANDEMIE-REAKSIEPLAN TE HÊ

**Hier is drie voorstelle wat mens kan oorweeg tydens die beplanning:**

1. Hou dit eenvoudig sodat jyself, die personeel, ouers, plaaslike beamptes ensovoorts daartoe in staat sal wees om die nodige stappe te onthou wanneer 'n pandemietoestand sy opwagting maak.
2. Stel jou plan so op dat dit maklik is om daarna te verwys.
3. Oefen. Oefen. Oefen. Tydens 'n pandemiese noodtoestand is dit moeilik om helder te dink en mense gryp dan terug na instink en gewoonte. As jou plan eers in plek is, oefen dit sodat almal instinktief weet wat die korrekte optrede sal wees. Goeie besluitneming word naderhand 'n gewoonte.

| FASES | KRITIEKE TAKE | VERANTWOORDELIKE PERSOON | TOEPASLIKE BYLAE |
|---|---|---|---|
| Paraatheid | Beplan<br>Koördineer | Pandemiebestuurder en adjunk-pandemiebestuurder | Pandemie-aksieplan (bl. 13) |
| Reaksie | Bestuur personeel en kinders<br><br>Implementeer pandemie-aksieplan | Pandemiebestuurder en adjunk-pandemiebestuurder | Bylae A<br>Bylae B<br>Bylae C<br>Bylae D<br>Bylae E |
| Herstel | Heropening van VKO-sentrum<br><br>Implementering van maatreëls voordat die VKO-sentrum kan heropen | Skoolbestuur<br><br>Alle personeellede | Geen |

**Aksieplan vir pandemiesiklus**

**VOORKOMING**
**(VKO-sentrum is oop)**

- Voorkomingskommunikasie
- Voorkomingsaktiwiteite
- Voorafbeplanning van aktiwiteite

**PARAATHEID**
**(VKO-sentrum beplan vir sluiting)**

- Beplanning vir voortgesette bedryf
- Beplanning vir voortgesette onderrig
- Inoefen van die pandemie-aksieplan

**REAKSIE**
**(VKO-sentrum is gesluit vir 2-12 weke)**

- Handhaaf sosiale afstand
- Minimum aantal dae
- Geen buiteskoolse aktiwiteite nie
- Implementering van kontinuïteitsbeplanning

**HERSTEL**
**(VKO-sentrum heropen)**

- Terugkeer na 'n "nuwe normaal"
- Vestig nuwe roetines
- Begin sielkundige herstelaktiwiteite

# HOOFSTUK 1: PARAATHEIDSFASE

## Wat behels paraatheid?

Gebaseer op: US Department of Health and Humans Services Administration for Children and Families. *Emergency Preparedness Manual for Early Childhood Programs*

Wanneer ’n VKO-sentrum of gedeeltelikesorgsentrum vooraf beplan vir noodsituasies, kan dit moontlik lewens van kinders, personeel of familielede red. Deur voorbereid te wees, mag jy dalk toegelaat word om jou sentrum of fasiliteit vroeër te heropen, wat inhou dat jy en die gesinne in jou gemeenskap vinniger kan terugkeer na die werk en dat die kinders kan terugkeer na ’n vertroude roetine, versorger en omgewing.

Dit gebeur elke jaar dat dat kinders, personeel en vrywilligers by jou sentrum of fasiliteit verkoues en ander siektes opdoen. Sommige virusse is baie aansteeklik en kan vinnig versprei. Soms verander die samestelling van ’n virus en as mense dan nie immuniteit teen die virus het nie, kan ’n pandemie ontstaan. VKO-sentrums en gedeeltelikesorgfasiliteite kan daartoe bydra om die gesondheid van personeel, kinders en gesinne te beskerm wanneer siektes versprei deur die volgende maatreëls toe te pas:

### 1. Beplan en koördineer

- Maak ’n lys van alle moontlike maniere waarop siekte of ’n pandemie jou sentrum of fasiliteit kan affekteer. Ontwikkel dan ’n aksieplan.
- Moedig ouers aan om ’n “Plan B” beskikbaar te hê om na hulle kinders om te sien as die sentrum of fasiliteit sy deure moet sluit.
- Werk saam met jou plaaslike gemeenskap om maaltye beskikbaar te stel vir kinders uit lae-inkomstehuishoudings.
- Bring jouself op hoogte van dienste in jou area wat jou personeel, kinders en hulle gesinne of groter families kan help om stres en ander probleme te bekamp wat kan ontstaan as gevolg van die uitbraak van ’n pandemie.

### 2. Onderrig- en programmebedrywighede

- Beplan vir die hantering van sluitings, personeelafwesigheid en gapings in die leerproses.
- Sorg vir ’n beskikbare plan wat gesinne kan help om die leerproses van hulle kind voort te sit indien die sentrum of fasiliteit moet sluit; so kan ouers byvoorbeeld hul kinders by die huis onderrig of gebruik maak van internet-hulpbronne.

### 3. Infeksiebeheermaatreëls en -optrede:

- Moedig kinders en personeellede aan om hulle hande te was in die volgende gevalle: tussen kontak met verskillende babas en kinders, voor maaltye of voedingstye, nadat neuse of monde afgevee is, as besmette voorwerpe aangeraak is, nadat doeke geruil is, en nadat jy ’n kind gehelp het om die toilet te gebruik.
- Laat kinders en personeellede hul hande was met seep en water as die hande sigbaar vuil is, of gebruik ’n alkoholgebaseerde handreiniger as water en seep nie geredelik beskikbaar is nie en die hande nie sigbaar vuil is nie.
- Hou voldoende voorraad van reinigingsmiddels aan om die infeksie hok te slaan (genoeg seep, papierhanddoeke en snesies); bêre hierdie voorrade waar dit maklik gekry kan word.
- Maak oppervlakke wat dikwels aangeraak word asook speelgoed en ander gebruiksitems daagliks skoon, en ook as dit sigbaar vuil is. Gewone huishoudelike skoonmaakprodukte of weggooibare ontsmettingsdoekies is geskik om sulke oppervlakke skoon te maak.

- Moedig gesinne en versorgers van kinders tussen die ouderdom van 6 maande en 5 jaar aan om 'n griepinspuiting te kry.
- Moedig personeellede aan om elke jaar 'n griepinspuiting te kry.
- Sê vir ouers hulle moet die sentrum/fasiliteit laat weet as hulle kinders siek is. Hou noukeurig rekord van die afwesigheid van kinders of personeellede en teken aan watter tipe siekte die rede was vir die afwesigheid.
- Leer die personeellede 'n standaardmetode om kinders en volwassenes elke dag te kontroleer by aankoms om vas te stel of hulle siek is. Maak dit duidelik dat siek kinders of volwassenes nie toegelaat sal word tot die sentrum/fasiliteit nie.
- Hou alle babas en kinders noukeurig dop vir enige simptome van aandoenings van die lugweg en hou siek kinders weg van ander kinders totdat hulle afgehaal word (byvoorbeeld in 'n siekekamer).
- Vereis van personeellede om by die huis te bly indien hulle dink hulle is siek of siek mag word by die werk.
- Moedig ouers aan om siek kinders by die huis te hou tot 24 uur nadat die koors verdwyn het.

## 4. Kommunikasiebeplanning

- Beplan hoe om in aanraking te bly met personeellede en gesinne. Maak gebruik van verskeie kontakkanale.
- Maak seker dat personeel en gesinne die aansteeklikesiekteplan gesien het en dit verstaan.
- Verskaf betroubare inligting aan personeellede en gesinne, in hulle eie taal en geskik vir hul vlak van geletterdheid.
- Om die verspreiding van die siekte te keer: was hande, maak oppervlakke skoon, bedek jou neus en mond wanneer jy hoes of nies.
- Herken die tekens en simptome van aansteeklike siektes en sorg dat jy weet hoe om op te tree.



## Voorbeeld van 'n pandemie-aksieplan

# (Naam van KVO-sentrum) Vroeëkinderontwikkelingsentrum

**PANDEMIE-AKSIEPLAN**

Pandemiebestuurder ..........................................................................................(naam en van)
Adjunk-pandemiebestuurder ...........................................................................(naam en van)

**Uitgangspunt:**
Niemand weet wanneer 'n pandemie sal uitbreek of hoe ernstig dit gaan wees nie. Dit is belangrik dat 'n VKO-sentrum 'n plan in plek het om personeellede en kinders te beskerm teen 'n moontlike uitbraak.

**Plan:** ........................................................................................................................

**Voorkoming, beskerming en inligting**

- Handhigiëne

| Beskermingsmaatreël | Waar word dit toegepas |
|---|---|
| Handhigiëne, hoes- en niesetiket, ventilasie | Almal, deurentyd |
| Gesondheid- en veiligheidsriglyne | Elke organisasie, deurentyd |
| Sosiale afstand | Almal, waar dit prakties moontlik is |
| Kontakskerms en gesigskerms | In situasies waar gewone werkspraktyk vereis dat onvermydelike, relatief naby kontak met die publiek plaasvind, bv. naby kontak met kinders, die ontvangstoonbank of -kantoor |
| Weggooibare chirurgiese maskers | Werkers in enige omgewing wat omsien na siek mense (dit sluit noodhulpreaksie in) Dit kan ook gebruik word as verdere hulpmiddel waar kontakskerms reeds aanwesig is |
| Weggooibare deeltjiefiltermasker, oogbeskerming, handskoene, beskermende klere, voorskote | Gesondheidsorgwerkers |

## 1. Hoes- en niesetiket

- Bedek jou neus en mond wanneer jy hoes of nies.
- Hoes of nies in ’n weggooisneesdoekie en gooi dit onmiddellik weg in ’n houer met ’n deksel.
- Indien daar nie dadelik ’n sneesdoekie beskikbaar is nie, hoes of nies in jou elmboog.

## 2. Handhigiëne

- Alle personeellede en kinders moet goeie handewas-en-afdrooggewoontes aanleer en toepas, veral nadat hulle gehoes of genies het of ’n snesie gebruik het.
- Hande moet weggehou word van die slymvliese van die oë, mond en neus.
- Die VKO-sentrum se bestuur moet toesien dat toereikende voorraad van handhigiëneprodukte beskikbaar is. Hierdie riglyn moet hoë prioriteit geniet aangesien daar tekorte aan seep en papierhanddoeke mag ontstaan.
- Via kennisgewings in die sentrum en deur middel van nuusbriewe moet inligting oor persoonlike en handhigiëne oorgedra word aan personeellede, ouers en besoekers.
- Kennisgewings oor gepaste higiëne moet opgesit word in toilette en by handwasbakke. Kennisgewings in die kinders se wasareas moet eenvoudig genoeg wees dat kinders dit verstaan.

## 3. Goeie reinigingspraktyke moet versterk word

- Tydens ’n pandemie moet skoonmaakwerk deegliker gedoen word.
- Oppervlakke moet eers skoongemaak word met ’n neutrale reinigingsmiddel gevolg deur ’n ontsmettingsmiddel.
- Oppervlakke wat dikwels met hande aangeraak word, moet meer dikwels gewas word, maar ten minste een keer per dag. Die sentrum se bestuurder moet inligting van die Departement van Gesondheid verkry oor die keuse van geskikte ontsmettingsmiddels en die konsentrasie daarvan.
- Die normale higiënepraktyke moet ten tye van ’n pandemie opgegradeer word tot ’n hoër vlak as die standaardvlak.
- Personeellede en kinders moet nie dieselfde koppies/bekers, borde of messegoed gebruik of deel nie.
- Alle koppies/bekers, borde en messegoed moet ná gebruik deeglik gewas word met seep en warm water.
- Babaspeelgoed, legkaarte, boublokkies, verkleeklere, huishoudelike speeltoerusting en boustelle moet elke dag gewas word.
- Speeldeeg en -klei moet nie gebruik word nie tensy elke stuk daarvan net vir een enkel kind se gebruik uitgedeel word.
- Speel met sand en water kan toegelaat word as dit prakties moontlik is om elke kind individueel daarmee te laat speel, waarna dit uitgegooi word.
- Gemeenskaplike toerusting soos rekenaars, telefone en fotokopieermasjiene moet afgevee word ná elke gebruik en daagliks skoongemaak word.
- Wanneer ’n persoon geïdentifiseer word as iemand wat vermoedelik die virus onder lede het, en daardie persoon het die sentrum/fasiliteit verlaat, moet die persoon se werksarea/kantoor, asook plekke waar hulle hulself bevind het, deeglik skoongemaak en ontsmet word.
- Basiese higiënemaatreëls (insluitend handhigiëne) moet ook toegepas word deur skoonmakers, en die maniere waarop afval verwerk en afgevoer word moet geïdentifiseer en op gereelde basis hersien word.

## 4. Daar moet doeltreffende ventilasie wees

- Alle binneruimtes moet goed geventileer wees, verkieslik met vars lug deur oop vensters, of deur middel van ’n behoorlik ontwerpte en goed onderhoude lugverkoelingstelsel. Lugverkoelingstelsels moet elke ses maande nagegaan en skoongemaak word.

## 5. Sosiale afstand as 'n strategie om personeellede en kinders te beskerm

- Tydens die beplannings- en uitroeiingsfase van 'n pandemie, wanneer die verwagting is dat die sentrum of fasiliteit steeds oop moet bly of waar dit bedryf word in 'n gebied wat nie getref is nie, moet bestuur poog om bewustheid te kweek oor die belangrikheid van sosiale afstand. Dit is nie maklik om dit te bereik in 'n omgewing van vroeë kinderontwikkeling nie.
- Kontak met ander in dieselfde leefomgewing moet tot die minimum beperk word.
- Geen beplande geleenthede waar groot getalle mense bymekaarkom, soos sosiale geleenthede vir gesinne, mag plaasvind nie.
- Geen uitstappies buite die sentrum/ fasiliteit moet georganiseer word in hierdie tyd nie.
- 'n Afstand van minstens 1 meter moet gehandhaaf word tussen mense waar dit ook al prakties moontlik is. Groter afstand is nog doeltreffender.
- Waar moontlik moet vergaderings of ontmoetings met mense vermy word. Die telefoon of internet moet liewer gebruik word om sake af te handel.
- Enige nienoodsaaklike reise moet vermy word, en nie-essensiële vergaderings, samekomste, werkswinkels of opleidingsessies behoort gekanselleer te word.
- Personeellede moet aangemoedig word om apart van mekaar te eet deurdat etenstye om die beurt geneem word.
- Personeellede moet ontmoedig word om in areas saam te kom waar hulle normaalweg sosiale kontak het, soos byvoorbeeld in die personeelkamer; hulle moet daar afhandel wat gedoen moet word en aanbeweeg.
- Indien vergaderings met mense onvermydelik is, moet die vergadertyd so kort moontlik gehou word, moet die vergadering liefs in 'n groot ruimte of buite gehou word en moet mense ten minste 1 meter afstand hou van mekaar. Vermy dit om hande te skud of drukkies te gee.
- Stel stelsels in werking waar gesinne en personeellede inligting kan versoek oor die foon of per e-pos en hou dan sulke inligting gereed vir vinnige afhaal of lewering.
- Kinders wat nie gesond is nie, moet tuis gehou word.
- Personeellede en ouers wat nie gesond voel nie, moet aangeraai word om nie na die VKO-sentrum of fasiliteit te kom nie.

## 6. Deel van inligting

- Die Pandemie-aksieplan moet ingevoeg word by al die bedryfshandleidings in die sentrum of fasiliteit. Afskrifte daarvan moet ook in die personeelkamer en kantoor gehou word.
- Inligting oor higiëne en handewas of plakkate moet bo alle wasbakke geplaas word.
- Personeellede en ouers sal per nuusbrief ingelig word oor die simptome.
- Inligting afkomstig van die Departement van Gesondheid oor hoe om gesond te bly tydens 'n pandemie moet beskikbaar gestel word.



# HOOFSTUK 2: REAKSIEFASE

## Hantering van personeellede en kinders wat siek word

- Kennisgewings moet opgesit word by alle toegangspunte, wat personeellede, ouers en besoekers waarsku om nie die perseel te betree indien hulle simptome het nie.
- Kinders wat nie gesond is nie moet by die huis gehou word, en personeellede en ouers moet aangesê word om nie na die VKO-sentrum of fasiliteit te kom nie indien hulle siek voel, veral as hulle enige simptome ondervind. Personeellede en ouers moet deur middel van 'n nuusbrief en kennisgewings ingelig word oor moontlike simptome.
- Inligting afkomstig van die Departement van Gesondheid oor hoe om gesond te bly tydens 'n pandemie moet beskikbaar gestel word aan personeellede, ouers en besoekers.
- Kinders en personeellede wat siek was moet die voorgeskrewe kwarantyntydperk uitdien en moet heeltemal gesond wees voordat hulle terugkeer na die sentrum of fasiliteit. Dit moet gesertifiseer word deur 'n mediese praktisyn.
- Indien 'n persoon siek voel, of indien iemand waarneem dat iemand anders simptome van die virus vertoon, moet die VKO-bestuur liefs per telefoon daarvan verwittig word waar moontlik.
- Indien die betrokke persoon inderdaad simptome toon, moet hy of sy behandel word as "vermoede geval". 'n Kennisgewingsvorm moet voltooi word wat besonderhede bevat van enige personeellid, kinders en/of besoekers waarmee die persoon in aanraking was. Hierdie inligting sal die pandemiebestuurder daartoe in staat stel om onlangse bewegings te identifiseer en om almal se welsyn te monitor tydens die pandemie.
- Die betrokke persoon moet ingelig word oor waar hy of sy 'n chirurgiese masker kan verkry en opdrag kry om dit onmiddellik aan te sit. Dit sal help om ander kinders en personeellede te beskerm.
- Die betrokke persoon behoort huis toe gestuur te word en hy of sy, of hulle gesin/familie, moet onmiddellik 'n gesondheidspesialis raadpleeg.
- Indien dit nie moontlik is om die persoon huis toe te stuur of te laat afhaal nie, moet die vermoede geval geïsoleer word van ander mense in 'n ruimte wat spesiaal vir hierdie doeleindes ingerig is totdat gepaste reëlings getref kan word sodat hy of sy die perseel kan verlaat.
- Die vermoede geval behoort waar moontlik die gebruik van openbare vervoermiddels te vermy om huis toe te gaan.
- Waar dit prakties moontlik is, moet die personeellid of kind se werksarea skoongemaak en ontsmet word.
- Stel 'n stelsel in werking om die afwesigheid en terugkeer van die personeellid of kind of mense met wie hulle in aanraking was, te bestuur. Moontlike kwessies om in ag te neem sluit in advies aan die personeellid of die kind se gesin oor hoe lank hulle weg moet bly. (Die Departement van Gesondheid sal hieroor raad gee sodra die kenmerke van die betrokke pandemie beter bekend is.)

## Persoonlike beskermende toerusting (PBT)

Die webwerwe van die Departement van Arbeid en die Departement van Gesondheid verskaf riglyne wat mens kan help om te besluit oor gepaste persoonlike beskermende toerusting om personeellede en kinders in jou VKO-sentrum of fasiliteit te beskerm. Die webwerwe is die volgende: http://www.labour.gov.za en http://www.health.gov.za.

**Addisionele inligtingsbronne:**

- Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid 85 van 1993
- Riglyne oor beskermende klere (Guidelines on protective clothing) opgestel deur die SA Clothing and Manufacturing Industry




## Pandemienoodvoorrade

Die volgende generiese lys van noodvoorrade soos goedgekeur deur die Departement van Gesondheid kan gebruik word as vertrekpunt vir jou pandemie-voorbereiding. Dit is 'n uiters volledige lys om alle noodsituasies die hoof te bied, en mens sal dit moet aanpas by jou sentrum of fasiliteit se behoeftes en vereistes.

| Pandemienoodvoorrade | |
|---|---|
| Gesigmasker | 3 per persoon per dag |
| Lateks-/nielatekshandskoene | 10 per personeellid per dag |
| Weggooibare voorskoot vir personeel | 1 per personeellid per dag |
| Sneesdoekies | 3 houers per persoon per week |
| Ontsmettingsmiddel | 1 bottel vir elke 15 mense per dag |
| Skoonmaakvloeistof | 1 bottel vir elke 15 mense per dag |
| Toiletpapier | ten minste 2 rolle per persoon per week |
| Papierhanddoeke | |
| Vloeibare seep op alkoholbasis | |

# HOOFSTUK 3: HERSTELFASE

**(heropening van die VKO-sentrum)**

Gebaseer op: SA Childcare Association *How to re-open my ECD and Partial Care Centre after lockdown: A very practical approach to your strategy implementation*

## Vereistes vir die heropening van ’n VKO-sentrum of gedeeltelikesorgfasiliteit ná ’n staat van inperking as gevolg van ’n pandemie

### 1. Eienaars, skoolhoofde en/of bestuurders moet voorbereidings tref voordat die voorskoolsentrum heropen

Voordat personeellede en kinders terugkeer, moet alle geboue skoongemaak en ontsmet word. Dit sluit klaskamers en veral water- en sanitasiefasiliteite in. Alle toerusting moet ook skoongemaak word. Hierdie skoonmaakproses moet deel van die roetine word.

### 2. Onderwysers, assistente en gesondheids- en higiënewerkers sal dan die skool kan betree

Die personeellede moet ’n oriëntasieprogram ondergaan waartydens hulle opgelei word om die nuwe riglyne, prosedures en praktyke toe te pas as die skool weer in bedryf kom. Bemagtig personeellede met kennis en wys verskillende take aan hulle toe, byvoorbeeld toegangsbeheersifting, klaskamerbestuur, speelgrondreëls, badkamergebruik, voedsel en sanitasie, ensovoorts.
Onder gesondheids- en higiënewerkers word ingesluit die personeellede wat verantwoordelik is vir skoonmaak en kosmaak.

### 3. Daaglikse toegangsbeheer

- Selfbediende handontsmettingstasies (vir volwassenes) moet aangebring word buite of in die ingang van die skoolgebou. Daar moet ook ’n persoon aanwesig wees wat wat otsmettingsmiddel op kinders se hande spuit.
- Reinig en/of ontsmet hande en tasse van elkeen wat toegelaat word om die gebou te betree.
- Die gebruik van biometriese toegangstelsels moet vermy word.
- Sentrums en fasiliteite moet een toegangspunt en uitgangspunt skep waar die siftingsproses vir kinders, personeellede, ouers/versorgers en leweransiers sal plaasvind.
- Tref reëlings dat ouers, besoekers en leweransiers slegs op spesifieke tye toegang kan kry tot die perseel. Maak seker dat die betrokkenes op hoogte is van hierdie tye.
- Waar moontlik, reël beurte vir onderwysers per klas en kinders per ouderdomsgroep om op verskillende tye aan te kom by die perseel.
- Waar moontlik, laat kinders afgelaai/gelaat word buite die hoofdeur, maar reeds binne die skoolterrein.
- Elke persoon wat ’n kind oorgee aan personeel moet self ook die siftingsproses deurgaan. (Dit is nodig om te weet of die ouers/versorgers vry is van simptome.)

### 4. Simptome en siftingstoetse

- Eienaars of skoolhoofde moet seker maak dat daar altyd voldoende personeel teenwoordig is om die siftingsproses te hanteer.
- By aankoms moet alle personeellede en kinders die siftingsproses deurgaan om vas te stel of daar simptome is.
- Personeel en kinders se koors sal gemeet

word, waar moontlik met 'n nie-kontaktoestel wat in die hand gehou word.
- Die temperatuurlesing en simptome (indien enige) van elke individu moet aangeteken word en bewaar word vir toekomstige verwysing.
- Kinders, ouers, personeellede of besoekers wie se temperatuur 37,5 °C of hoër is, moet nie toegelaat word om die skoolperseel te betree nie.
- Kies een kamer of klaskamer wat gebruik kan word as 'n isolasieruimte indien 'n kind in die loop van die dag simptome sou ontwikkel.

## 5. Persoonlike beskermende toerusting (PBT)

**Gesigmaskers:**
- Alle kinders ouers as twee jaar en alle personeellede moet gesigmaskers dra; so ook besoekers.
- Kinders en babas jonger as twee jaar moet juis nie gesigmaskers dra nie; dit kan hulle kans op verstikking verhoog.
- Die bestuur moet persoonlike beskermende toerusting (PBT) in die vorm van gesigmaskers of gesigskerms voorsien aan alle personeellede.
- Ouers is daarvoor verantwoordelik om hulle kinders te voorsien van gesigmaskers en/of enige ander vorm van PBT.
- Skole moet 'n voorraad van maskers aanhou om uit te deel aan kinders wat moontlik vergeet het om gesigmaskers saam te bring of in gevalle waar die masker beskadig of verlore raak gedurende die dag. Koste vir sulke vervangende maskers kan van die ouers verhaal word.

**Handontsmettingsmiddel:**
- Daar word aanbeveel dat kinders 'n klein botteltjie handontsmettingsmiddel saambring, wat dan in die klas en onder die toesig van die onderwyser gehou kan word.
- Indien moontlik kan die skool ook die handontsmettingsmiddels voorsien.
- Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar/skoolhoof om toe te sien dat toereikende voorraad van ontsmettings- en reinigingsmiddels asook PBT-toerusting by die skool beskikbaar is.

**Die volgende items moet beskikbaar wees:**
- Pomphouertjies vir ontsmettings-/reinigingsmiddels (waar moontlik)
- Spuitbottels vir handontsmettingsmiddels
- Grootmaathouers van ontsmettingsmiddel om die spuitbottels te hervul.
- Gesigmaskers en/of gesigskerms
- Weggooibare handskoene
- Ontsmettingsmiddel vir die skoonmaak van kontakoppervlakke
- Niekontaktoestel om koors te meet

## 6. Sosiale afstand

Maatreëls vir doeltreffende sosialeafstandsreëls in voorskoolse fasiliteite:
- Herrangskik klaskamers.
- Laat minder kinders by een tafel sit.
- Moenie matrassies na willekeur gebruik nie; elke kind behoort sy eie te hê. Plaas matrassies afwisselend met kop- of voetenent bo.
- Plaas bababedjies so ver uit mekaar as wat moontlik is. Wanneer die kinders nie in die bedjies is nie, allokeer 'n vaste groep babas/peuters aan een onderwyser of assistent. Gebruik telkens een personeellid vir 'n groep babas vir sover moontlik.
- Speelgrond: die onderwysers/assistente moet by hulle klasse bly op die speelgrond.
- Aparte speelgrondareas kan toegeken word vir elke klas (indien prakties moontlik).
- Speelgoed wat deur kinders hanteer of in hulle mond gesit is, moet ontsmet word ná gebruik.
- Alle linnegoed (indien gebruik) moet gewas word.
- Maak seker daar is voldoende ventilasie in die klaskamer.

## 7. Voedselvoorbereiding, etenstye en higiëne

- Daar is risiko's verbonde aan kosmaak

en die uitdeel van kos aan kinders en om hierdie rede moet dit met die grootste sorg geskied.

- Toesig tydens etenstye is van die allergrootste belang.
- Kinders moet nie toegelaat word nie om:
  - naby mekaar te sit wanneer hulle eet nie.
  - mekaar se kos te eet nie.
  - mekaar aan te raak terwyl hulle besig is om te eet of te drink nie.
- Die afvee en skoonmaak van mondjies en hande ná 'n maaltyd is van lewensbelang en moet met die grootste sorg uitgevoer word.

## 8. Daaglikse program

- Onderwysers en ondersteunende personeel kom aan, ontsmet en open die skool.
- Administratiewe en ondersteuningspersoneel werk op rotasiebasis by die ingang. Hulle moet deurentyd handskoene en gesigmaskers of- skerms dra.
- Kinders word reguit na hul klas toe gebring deur die toegewysde personeellid by die ingang.
- Voordat die badkamer besoek word, kan hande ontsmet word.
- Ná gebruik van die badkamer/toilet moet die hande gewas word met seep onder lopende water. Verwyder alle materiaalhanddoeke en verskaf slegs papierhanddoeke.
- Seep word in houers aangebied wat gereeld skoongemaak en ontsmet word.
- Voordat daar geëet word, word hande gewas en/of ontsmet.
- Nadat daar klaar geëet is word die proses herhaal.
- Kosblikke moet gespuit word voordat dit oopgemaak word.
- Dit sal voordelig wees vir klasse om geskei te bly van ander klasse, in hulle eie klaskamer, of om buite te kan speel in hulle eie toegewysde area. Die middag se aktiwiteite sal 'n uitdaging wees, maar skeiding moet so ver moontlik toegepas word.
- Nadat daar buite gespeel is, moet ontsmetting van hande weer plaasvind as daar na die klas teruggekeer word.
- Wanneer ouers/versorgers die kinders kom haal, moet hulle weer die siftingsproses deurgaan. Die kinders sal na die hek begelei word, die siftingsproses deurgaan en hul hande sal ontsmet word voordat hulle die skoolterrein verlaat.
- Alle beweging in en uit die skool asook klaskamers kan gepaard gaan met 'n ontsmettingsproses.

## 9. Algemene vereistes

- Die sentrum/fasiliteit moet elke dag skoongemaak word.
- Kombuispersoneel moet altyd maskers en handskoene dra.
- Toilette moet skoongemaak word ná elke gebruik. As een kind die toilet gebruik het, moet dit skoongemaak word voordat die volgende kind dit gebruik.
- Daar kan tussenposes van 30 minute gehou word indien dit nie moontlik is om buitespeelruimtes in te deel vir gebruik deur aparte klasse nie. Die buitespeeltoestelle moet dan ontsmet word nadat elke klas buite was.
- Alle klaskameroppervlakke (tafels, stoele, boeksakke ensovoorts) moet ontsmet word terwyl die klas buite speel.
- Personeel se handsakke en ander persoonlike eiendomme moet ontsmet word voordat dit in die skool ingebring word.
- Die kantoor sal minstens twee keer per dag skoongemaak en ontsmet word, by aankoms en by afsluiting.
- Indien die skool 'n telefoon het, mag algemene personeel dit nie gebruik nie. Indien kantoorpersoneel dit wel gebruik, moet dit ontsmet word ná elke gebruik.

## 10. Personeelaangeleenthede

**Afwesigheid as gevolg van siekte**

In die geval van afwesigheid as gevolg van siekte word daar van personeel verwag om die volgende te voorsien aan die VKO-sentrum of fasiliteit:

- 'n Mediese sertifikaat wat die aard van

die siekte uiteensit en wat bevestig dat die diagnose nie aansteking met die virus behels nie.

- Die verwagte datum van terugkeer na die sentrum of fasiliteit.
- 'n Personeellid wat huis toe gestuur is weens koors kan terugkeer na die werk wanneer:
  - hy of sy nie koors gehad vir drie aaneenlopende dae sonder dat medikasie geneem is om die koors af te bring gedurende daardie tyd, **EN**
  - enige simptome wat betrekking het op die lugweë (hoes en kortasemigheid) verbeter het vir ten minste drie dae, **EN**
  - daar ten minste sewe dae verloop het vandat die simptome begin het.

Die werknemer mag vroeër terugkeer na die werk indien 'n dokter bevestig dat die oorsaak van die koors of ander simptome nie toegeskryf kan word aan besmetting met die virus nie en wat dan 'n geskrewe bevestiging voorsien dat die werknemer kan terugkeer na die werk.

**Klerasie**

- 'n Weggooibare plastiekvoorskoot of wasbare oortrekklere kan gedra word.
- 'n Gesigmasker of gesigskerm moet deurentyd gedra word.
- Sakgrootte handontsmettingsmiddels moet aan werknemers voorsien word.
- Personeellede mag geen juweliersware aan hulle hande of arms dra nie terwyl hulle by die VKO-sentrum of fasiliteit is.
- Naels moet kort gesny wees.

**Ander**

Opleiding moet verskaf word oor die gesondheids- en veiligheidvoorskrifte, byvoorbeeld oor sosiale afstand en higiënemaatreëls.

- Personeelvergaderings mag gehou word, maar die lokaal moet ingedeel word in ooreenstemming met die vereiste riglyne vir sosiale afstand, waar individue minstens 1,5 meter van mekaar geplaas word.
- Teepouses moet om die beurt geneem word.
- Etenstye moet om die beurt geneem word.
- Personeellede moet hulle eie eet- en drinkgerei was.

**Personeel-/volwassenetoilette**

- Hierdie toilette mag slegs deur personeel benut word.
- Oorweeg dit om spesifieke toilette toe te ken aan personeel per onderwysfase of leeftydsgroep.
- Geen materiaalhanddoeke mag voorsien word nie. Papierhanddoeke of handdroërs moet gebruik word.
- Hande moet gewas word in ooreenstemming met die riglyne.
- Handontsmettingsmiddel moet beskikbaar wees.
- Gebruik 'n oplossing van 0,5% natriumhidrochloried (gelykstaande aan 5000 DPM) om oppervlakke te ontsmet, en 'n oplossing van 70% etielalkohol vir die ontsmetting van kleiner items.
- Ontsmettingsmiddel in 'n spuithouer moet beskikbaar wees om krane skoon te maak voor en na gebruik.

## 11. Higiëne- en skoonmaakroetine

**Algemeen**

**Wenk**: 'n Kleurkoderingstelsel kan geïmplementeer word vir doeltreffender beheer van skoonmaaktake en skoonmaaktoerusting (emmers, besems, vloerlappe, vadoeke, ens.), byvoorbeeld:

- Gebruik rooi skoonmaaktoerusting vir badkamers
- Gebruik groen skoonmaaktoerusting vir klaskamers
- Gebruik geel skoonmaaktoerusting vir die kombuis

Skoonmaaktake moet soos volg uitgevoer word:

- Dra weggooibare rubberhandskoene en weggooibare voorskote.
- Gebruik vir elke vertrek 'n nuwe weggooibare skoonmaaklap.
- Vloermoppe moet in 'n vloeistofoplossing of ontsmettingsmiddel geweek word in 'n veilige area (emmers met water hou risiko's in).
- Gebruik warm water en skoonmaakmiddel.

- Gebruik ’n oplossing van 0,5% natriumhidrochloried (gelykstaande aan 5000 DPM) om oppervlakke te ontsmet, en ’n oplossing van 70% etielalkohol vir die ontsmetting van kleiner items.
- Kinders se tafels en stoele moet ook afgevee word ná elke gebruik met ’n oplossing van 70% etielalkohol.
- Huishoudelike rubberhandskoene is voldoende vir die doel van huishoudelike take. Sulke handskoene kan gewas word met seep of ’n skoonmaakmiddel en warm water, en kan ná gebruik opgehang word om droog te word.

**Skoonmaak van toilette**

- Gebruik ’n toiletborsel saam met ’n skoonmaakproduk wat bleikmiddel bevat (byvoorbeeld Jik) om toilette skoon te maak. Was die buitekant van die toilet en die rand van die spoelbak met ’n klam lap wat spesifiek vir die doel gehou word en met dieselfde skoonmaakproduk. Was die lap in warm water en seep voordat dit weer gebruik word.

**Skoonmaak van badkamers**

- Maak handwasbakke skoon met Jik of ’n soortgelyke produk wat bleikmiddel bevat. Gebruik ’n huishoudelike reinigingsmiddel van ’n bekende fabrikaat vir algemene skoonmaakwerk in badkamers. Aparte skoonmaaklappe moet gebruik word vir die badkamer.

**Slaaptoerusting en -areas**

- Vat slaapmatrassies of seilbedjies na buite en sproei met ontsmettingsmiddel. Los vir minstens twee ure voordat dit weer opgestapel word. Sit daagliks skoon kombersies op.
- Haal enige linne uit bababedjies, vat die matrassies na buite, spuit dit en vee dit af met ’n weggooibare lap. Sit dan vars linne op.

**Skottelgoed**

- Skottelgoed moet gewas word in ooreenstemming met die vereiste standaarde in die bestaande riglyne.
- Skottelgoed moet in warm water afgespoel word en dan gelos word om in die omringende lug droog te word.
- Enige messegoed of breekgoed wat effens gekraak of beskadig is moet vervang word.

**Doeke ruil**

- Maak seker dat die water-, sanitasie- en afvalgeriewe doeltreffend funksioneer.
- Doek-asblikke moet ná elke doekruilsessie leeggemaak word.
- Personeel wat doeke ruil moet hul hande was voor en nadat hulle die doek ruil en moet die handjies van die baba afvee met ’n weggooibare nat lappie (wet wipe) nadat die doek geruil is.

**Hande was**

- Was hande op die manier soos voorgeskryf deur die Departement van Gesondheid.
- Alle areas waar hande moontlik gewas kan word moet voorsien wees van papierhanddoeke in ’n houer.
- Moenie materiaalhanddoeke gebruik nie.
- Ontsmettingsmiddel in ’n spuitbottel moet aangewend word op alle krane voor en ná gebruik.

**Speel- en leertoerusting**

- Speelgoed moet gebêre word in plastiekhouers en moet gemerk word.
- Geen sagte speelgoed of teddiebere word toegelaat tensy die item gewas kan word nadat ’n kind daarmee gespeel het.
- ’n Maksimum van twee houers speelgoed mag terselfdertyd uitgehaal en gebruik word.
- Ná gebruik moet speelgoed skoongemaak word en gelos word om in die omringende lug droog te word (dit moenie op die gras gelos word om droog te word nie).
- Indien storieboeke gebruik word, moet dit daagliks afgevee word.
- Daar moet ’n rooster opgestel word sodat kinders om die beurt in klasverband buite kan speel.
- Sosiale afstand moet ook gehou word terwyl kinders in die ry staan (maak ’n speletjie daarvan!).

- Badkamer- en toiletroetine is nodig sodat net 'n paar kinders tegelyk die badkamer/toilette op enige gegewe tyd gebruik.

**Speel in sandkaste**

- Afgesien van hoe groot die sandkas is, probeer om slegs 50% van die normale aantal wat op een slag in die sandkas gespeel het, toe te laat, om sosiale afstand te handhaaf.
- Ruil sandkasspeelgoed om ná elke groep en voordat 'n nuwe groep begin speel.
- Maak die speelgoed skoon ná gebruik en los dit om in die omringende lug droog te word.
- Sandkaste se sand moet aan die einde van elke week behandel word met growwe sout.
- Pas handontsmetting toe voordat die kinders na die klaskamer terugkeer.

**Buitespeeltoerusting**

- Spuit buitetoerusting ná elke speelsessie met ontsmettingsmiddel indien verskillende groepe dit gebruik.
- Spuit die handvatsels van plastiek-motorfietsies.
- Speel in water, of die gebruik van sintuig-groepspeelareas is tot verdere kennisgewing verbied.
- Pas handontsmetting toe voordat die kinders na die klaskamer terugkeer.

**Geestelike welsyn en emosionele behoeftes**

Ondersteuning van geestelike welsyn verdien hoë prioriteit ná afloop van 'n noodsituasie. Kinders asook volwassenes wat stres en/of verlies ervaar het, mag dalk sukkel om dit te hanteer. Deur 'n veilige plek beskikbaar te stel asook hulpbronne, soos konsultante vir geestesgesondheid om kinders, gesinne en personeellede te ondersteun as hulle vrees, woede en hartseer ervaar, kan dit daartoe bydra dat hulle op 'n gesonde wyse kan voortgaan met hulle lewens.

**Hantering van rampe, noodsituasies en tragedies**

Hou die volgende in gedagte:

- Elke persoon wat 'n noodsituasie sien of ervaar word op die een of ander manier daardeur geraak.
- Dit is heeltemal normaal om bekommerd te wees oor jou eie veiligheid en dié van jou familie en naaste vriende.
- Gevoelens van diep verdriet, hartseer en woede is normale reaksies tydens of ná 'n noodsituasie.
- Elke persoon se behoeftes verskil asook hulle hanteringsmeganismes.
- Om erkenning te gee aan gevoelens en te fokus op jou sterk punte en vermoëns kan jou help in die herstelproses.



# BYLAES

## Bylae A: Aanmeldingsvorm vir vermoedelike pandemie-siektegeval

# Annexures

## Annexure A: Suspected Pandemic Case Notification Form

Details of Affected Staff/ Children

| | | |
|---|---|---|
| Name: | Site: | Location of isolation: |
| Job title: | Nationality if visitor to site: | Date of birth: |
| Address: | | |
| Telephone no:<br>_________________ (W)______________(H)________________(Cell) | | |
| *Symptoms noticed (mark with a X):*<br>Fever__________ Body aches____________<br>Headache_____ Fatigue______________<br>Dry cough_______ Other________ Details:_______________<br>Cold__________<br>Time of fever on-set: _______________________<br>Time of isolation: ________________________<br>Travel history over the past 14 days:<br>Countries visited:__________________________________________<br>Flights taken:_________________________________________________<br>Contact List (See separate page) | | |

## Bylae B: Kennisgewing aan personeel, ouers en besoekers by ingang van skoolterrein

**(Naam van virus/siekte)**

# KENNISGEWING

**(Naam van virus/siekte)** is ’n aansteeklike siekte.

Daar is tans ’n toename in die aantal persone in Suid-Afrika met (naam van virus/siekte). Om die verdere verspreiding van (naam van virus/siekte) hier te voorkom:

## MOENIE HIER BINNEGAAN NIE

**indien u een of meer van die volgende simptome ervaar:**

**(Lys die simptome van die virus/siekte)**

**Pandemiebestuurder**

..........................................................................................................

**Kontaknommer**

..........................................................................................................

# Bylae C: Kontaklys vir geaffekteerde persone (Engels)

## Annexure C: Contact list

The Department of Health currently defines pandemic contacts as people who have had close physical (less than one metre) or confined airspace contact with an infected person, within four days of that person developing symptoms. These are likely to include family members and/or other living companions, workmates, other children in an ECD centre.

> Note that the definition of a contact is likely to change once the nature of the pandemic strain is known. Employers should refer to the Department of Health website during a pandemic for up-to-date guidance.

Retain this list and provide to the Medical Officer of Health or his/her designated officer on request.

**People the affected person has interacted with since displaying symptoms**

| | Name and Surname | E-Mail Address | Telephone Number | Address |
|---|---|---|---|---|
| 1. | | | | |
| 2. | | | | |
| 3. | | | | |
| 4. | | | | |
| 5. | | | | |
| 6. | | | | |
| 7. | | | | |
| 8. | | | | |
| 9. | | | | |
| 10. | | | | |

# Bylae D: Voorbeeldbrief 1 aan ouers: Inleiding tot pandemie-beplanning

Geagte Ouers

Die meeste van u sal daarvan bewus wees dat (naam van virus/siekte) tans groot getalle mense in lande oor die hele wêreld affekteer.

Internasionale gesondheidsdeskundiges is bekommerd daaroor dat die virus kan muteer en nog makliker tussen mense oorgedra kan word, wat kan lei tot ’n wêreldwye pandemie. Die regering beraam planne om die land te beskerm teen ’n moontlike uitbraak. As onderdeel van hierdie landswye beplanning het ons VKO-sentrum ons eie pandemiebeplanning voorberei.

Met gebruikmaking van bronne voorsien deur die Departement van Gesondheid is ons tans besig om ons noodbestuursplan op datum te bring deur planne vir die bekamping van ’n uitbraak daarby in te sluit.

Ons sal u op hoogte hou soos wat die pandemiebeplanning vorder. Intussen kan u help om u kind se risiko om die virus op te doen, te verminder deur die volgende te doen:

- Leer u kinders hoe belangrik dit is om hulle hande te was en af te droog – veral voordat hulle eet en nadat hulle toilet toe gegaan het.
- Leer u kinders hoe om ’n weggooibare snesie te gebruik as hulle hoes of nies.
- Hou u kinders by die huis as hulle griepagtige simptome toon.

Indien u in hierdie stadium enige vrae of bekommernisse het, tree asseblief direk met my in verbinding.

Die uwe

......................................................
(Hoedanigheid)

# Bylae E: Voorbeeldbrief 2 aan ouers: Opdatering van pandemie-maatreëls

Geagte Ouers

Die regering het aangekondig dat Suid-Afrika sy pandemiereaksieplanne tot die volgende vlak gevoer het. Dit beteken dat die situasie verander het, en Suid-Afrika se grensbeheer is verder verskerp om te keer dat die virus hier posvat.

Ons is in gesprek met gesondheids- en burgerlikebeskermingsbeamptes en ons is in kennis gestel dat daar nie rede is vir paniek nie. Ons sentrum bly oop tot verdere kennisgewing. Ons eie pandemieplanne beteken dat ons stelsels in plek het wat ons sal help om enige verdere ontwikkelings te hanteer.

Die belangrikste bydrae wat ouers en versorgers kan maak is om gesondheidsboodskappe te laat insink:

- Leer u kinders hoe belangrik dit is om hulle hande met seep te was en af te droog – veral voordat hulle eet en nadat hulle toilet toe gegaan het.
- Leer u kinders hoe om 'n weggooibare snesie te gebruik as hulle hoes of nies.

Ons versoek dat alle kinders wat simptome toon, by die huis gehou word totdat hulle 'n mediese praktisyn gesien het wat verklaar dat hulle gesond is, voordat hulle terugkeer na die VKO-sentrum.

Indien u in hierdie stadium enige vrae of bekommernisse het, tree asseblief direk met my in verbinding.

Die uwe

...................................................
(Hoedanigheid)

## Bylae F: Sluitingskennisgewing

# DIENS GESLUIT

**WEENS DIE (naam van virus/siekte)**

SAL HIERDIE DIENS GESLUIT WEES
TOT VERDERE KENNISGEWING

**MOENIE BINNEGAAN NIE**

Vir dringende navrae, kontak asseblief

**Naam van pandemiebestuurder**

.......................................................................................................

**Kontakbesonderhede**

.......................................................................................................

# HULPBRONNE

Centre for Disease Control South Africa (CDC)
https://www.cdc.gov/

World Health Organization (WHO)
https://www.who.int/

UNICEF
https://www.unicef.org/

Departement van Gesondheid
http://www.health.gov.za/

Departement van Sosiale Ontwikkeling
https://www.dsd.gov.za/

South African Child Care Association
https://sachildcare.net/
*How to reopen my ECD and partial care centre after lockdown*

Departement van Basiese Onderwys
https://www.education.gov.za/

Wet op Rampbestuur 57 van 2002
https://www.gov.za/documents/disaster-management-act

Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993
https://www.gov.za/documents/occupational-health-and-safety-act

Departement van Arbeid
http://www.labour.gov.za/

*Getting Your Workplace Ready for Pandemic Flu*
https://www.cdc.gov/nonpharmaceutical-interventions/pdf/gr-pan-flu-work-set.pdf

American Academy of Paediatrics: *Guidance Related to Childcare during Pandemic* https://services.aap.org/en/pages//guidance-related-to-childcare/

National Centre on Early Childhood Health & Wellness (NCECHW):
https://eclkc.ohs.acf.hhs.gov/physical-health/healthhygiene



# PANDEMIE-RISIKOBESTUURSGIDS

**’n Gids vir Vroeëkinderontwikkelingsentrums in Suid-Afrika**

AfriForum
Deel van die Solidariteit Beweging

VVOS
AECYC